Bepalings & Voorwaardes

- Die kompetisie is oop vir alle Suid-Afrikaanse meisies van graad 9 tot 12 en jonger as 19 jaar oud, wat in 2010 na 'n matriekafskeid gaan of reeds by een was.

- Meisies kan slegs met hul eie rok/skepping/gekoopte item inskryf wat in 2010 na 'n matriekafskeid gedra is of gedra gaan word.

- Die sluitingsdatum vir die kompetisie is 12 Oktober 2010 om 17:00.

- Meisies wat vir die kompetisie inskryf, moet op die volgende dae beskikbaar wees: kleedrepitisie 22 Oktober, modevertoning-repitisie 29 Oktober en matriekrokkompetisie & modevertoning 30 Oktober.

- Deur in te skryf vir die kompetisie word toestemming verleen om inskrywingsfoto's en publisiteitsfoto's agterna te publiseer.

- Die besluit van die beoordelaars is finaal en geen korrespondensie sal hieroor gevoer word nie.

- Geen personeellede van Parowsentrum of hul naasbestaandes, personeellede van Basfour 2295 (Edms) Bpk of hul naasbestaandes, kontrakwerkers werksaam by Parowsentrum of hul naasbestaandes of werknemers, agente, naasbestaandes of sakevennote van Media24 of borge wat direk of indirek by die kompetisie betrokke is, personeellede van Rapport of hul naasbestaandes, winkeleienaars en werkspersoneel by Parowsentrum asook hul promosie-agentskappe, hul werknemers of hul naasbestaandes mag vir die kompetisie inskryf nie.

- Die borge, organiseerders van die kompetisie, KaapRapport, Parowsentrum en Basfour 2295 (Edms) Bpk, kan nie verantwoordelik gehou word vir enige eise en/of skade voortspruitende uit die gebruik of aanwending van die pryse of die modevertoning nie en die wenners vrywaar Media 24, Parowsentrum en die borge teen enige skade en/of onkoste wat met die pryse verband hou.

- Ongelukkig kan foto's nie teruggestuur word.

- Deur in te skryf vir hierdie kompetisie gee jy vir ons toestemming om van jou besonderhede te gebruik vir promosie- en bemarkingsdoeleindes.

- Deur hierdie inskrywingsvorm te teken, verbind jy jouself tot ons bepalings & voorwaardes.